Publication: Beeld - Sport
Title: Tuks kry ook slae by NWU se Arende
AVE: 61499.58
Page: 16
Publish Date: 14 March 2023
Author: Cobus Claassen

Tuks kry ook slae by NWU se Arende

Cobus Claassen

Dit was nie heeltemal so oortuigend nie, maar die pers-masjien van Potchefstroom is steeds die span wat geklop sal moet word in vanjaar se Varsitybeker-reeks.

Die NWU-Arende het gisteraand in Pretoria vasgebyt om die Tukkies met 26-22 te verslaan en is daarmee die nuwe voorloper in die reeks.

Vir die tuisspan, die verdedigende kampioen, was dit 'n vierde agtereenvolgende nederlaag en hy het straks halfpad deur die kompetisie die bus verpas.

Wat die telbord nie vertel nie, is dat die Arende in die eerste helfte hulle kaptein, die woelige haker Vernon Paulo, met 'n rooi kaart verloor het en nege keer besit in die lynstane verlore laat gaan het.

Die tuisspan was aan die begin in beheer en was met 8-0 voor voordat Tino Swanepoel, haastige heelagter van die Eagles, 'n manjifieke solo-drie van naby sy eie kwartlyn gedruk het, waarmee sy span in 'n oogwink met 9-8 voorgeloop het.

Die besoekers se groot terugslag was in die 24ste minuut toe Paulo die Tuks-skrumskakel, Rowan Cloete, met 'n stywe arm geloop het by 'n losgemaal.

Dit het nie die Arende nie van stryk gebring nie en hulle het, ondanks 'n gesukkel in die vaste fasette, koers gekies kleedkamer toe met 'n voorsprong van 21-15.

Vir die Tuks was dit van groot belang om eerste toe te slaan in die tweede helfte, maar dit was Swanepoel wat met sy tweede drie die perses met 26-15 laat voorloop het.

Die stut Ethan Burger het met sy drie die tuisspan se hoop laat opvlam, maar dit was uiteindelik alles vergeefs.

Die Arende se losvoorspelers Gustav Erlank (agtsteman) en Karl-Heinz Bertram (flank) was weer uitstaande.

Karl-Heinz Bertram, flank van die NWU-Arende, bars deur 'n Tuks-teenstander in gisteraand se Varsity-beker-wedstryd in Pretoria. Foto: GALLO IMAGES

■ **Puntemakers Tukkies 22 (15). Drieë:** Alister Williams, Lincoln Daniels, Ethan Burger. **Strafdoel:** Walter Visser. **Doelskoppe:** Visser (2). **NWU-Arende 26 (21). Drieë:** Tino Swanepoel (2, waarvan een sewe punte), Keano Windvogel, Theuns Pretorius. **Doelskoppe:** Zinedine Robinson (3).

■ Die Ixias het hul derde agtereenvolgende oorwinning vanjaar behaal toe hulle die Universiteit van Johannesburg se tande in die Goudstad getrek het, berig **Marnus Kok**.

Die Ixias, soos die Sentrale Universiteit vir Tegnologie se rugbyspan bekend staan, het sewe drieë gedruk om met 54-12 te wen.

Dit is 'n bonuspuntsege.

Nadat die Ixias hul eerste wedstryd vanjaar teen Wits verloor het, het hulle nou die Maties, Tuks en UJ agtereenvolgens geklop.

Die wenspan, wat deur Melusi Mthethwa afgerig word, verdien erkenning vir die opwindende rugby wat hulle speel.

Die Ixias se senterpaar, Jandré de Beer en Zachary Bester, Ricoman Titus (heelagter), Xavier Swartbooi (skrumskakel) sowel as Tyler Sefoor (losskakel) het gisteraand agterlangs vir die wenspan uitgeblink.

Die tuisspan was eerste op die telbord toe die haker Darnell Osuagwu van 'n rolmaalbeweging afgerond het.

UJ het vroeg die Ixias 'n paar probleme in die skrums en ook met goeie rolmaalbewegings besorg.

Die Ixias het teruggeveg met Bester wat twee keer en Titus wat een keer gaan druk het.

UJ het wel sy agterstand verklein toe die vleuel Prince Nkabinde oorgeduik het. Die span het skielik momentum gehad.

Dit was eerder die Ixias wat hul voorsprong vergroot het, toe Titus oorgeduik het vir sy tweede drie. Dit was die Vrystaters se vierde drie, vir die bonuspunt.

In die tweede helfte het Matthew Sekele (slot) en die flank Janco Cloete gaan druk en Titus is oor vir sy derde.

UJ kon nog net een van sy vier wedstryde vanjaar wen.

■ **Puntemakers:**
Ixias 54 (30): Drieë: Zachary Bester (sewepuntdrie), Ricoman Titus (3), Bester (sewepuntdrie), Matthew Sekele, Janco Cloete. **Doelskoppe:** Tyler Sefoor (6). **Strafdoel:** Sefoor.
Universiteit van Johannesburg 12 (12): Drieë: Darnell Osuagwu, Prince Nkabinde. Doelskop: Jonathan Viljoen.

■ In gisteraand se laataandwedstryde het Maties vir Wits naelskraap met 56-54 geklop, terwyl die Ikeys met 29-12 te goed was vir die Shimlas.

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.